# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

## STUDIEBEURS GELEENTHEID 2022

**Bergrivier Munisipaliteit is verbind tot vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede vir die breër gemeenskap van die Bergrivier Munisipale Gebied. Die Munisipaliteit bied die geleentheid aan Suid-Afrikaanse burgers, wat permanent woonagtig is in die Bergrivier Munisipale Gebied, tot tersiêre opleiding in die onderstaande areas:**

| | |
|---|---|
| **Munisipale Finansies** | **Voorsieningskanaalbestuur** |
| | **Ekonomie** |
| | **Rekeningkunde** |
| | **Finansiële Bestuur** |
| **Infrastruktuur** | **Siviele Ingenieurswese** |
| | **Elektriese Ingenieurswese** |
| **Interne Oudit** | |
| **Riskikobestuur** | |

**KRITERIA :**

- Voorkeur sal verleen word aan persone afkomstig uit die voorheen benadeelde groepe en/of persone met gestremdhede;
- Applikant moet by ŉ geakkrediteerde tersiêre instansie in Suid-Afrika studeer;
- Dit is die verantwoordelikheid van die applikant om toelating van die tersiêre instansie te verkry en te kan bewys;
- Beurse sal direk aan die tersiêre instansie betaal word;
- Woonagtig binne Bergrivier Munisipale Gebied; en
- Bestaande beurshouers word aangemoedig om weer aansoek te doen vir finalisering van bestaande studies.

**DIE BEURS KAN AANGEWEND WORD VIR:**

- Klasgelde; en
- Registrasiefooie.

**DIE VOLGENDE DOKUMENTASIE MOET U AANSOEK VERGESEL:**

- Voorgeskrewe beursaansoekvorm, beskikbaar op die munisipale webtuiste of by die Menslike Hulpbrondienste Departement te Piketberg;
- Motiveringsbrief van ongeveer 150 woorde waarom u dink u die beurs moet ontvang;
- Gesertifiseerde afskrif van matriekuitslae of tersiêre uitslae;
- Gesertifiseerde afskrif van Suid-Afrikaanse identiteitsdokument;
- Bewys van registrasie by tersiêre instansie en werklike koste van die kursus vir die jaar ;
- Bewys van woonadres binne die Bergrivier Munisipale Gebied; en
- Bewys van gestremdheid (indien van toepassing).

**Volledige aansoeke duidelik gemerk "Aansoek om Studiebeursgeleentheid 2022" moet per hand ingehandig word by die onderskeie munisipale kantore (Piketberg, Porterville, Velddrif, Eendekuil, Aurora, Redelinghuys, Goedverwacht), vir aandag Mnr. D Boumeester (Menslike Hulpbronbeampte: Opleiding en Ontwikkeling) om hom te bereik nie later nie as die sluitingsdatum. Navrae kan gerig word aan Mnr. D Boumeester by tel. nr. 022 913 6055.**

**GEEN FAKSE OF ELEKTRONIESE AANSOEKE SAL AANVAAR WORD NIE**

**SLUITINGSDATUM VIR ALLE AANSOEKE: VRYDAG 24 FEBRUARIE 2022 OM 15:30**